21 Movies

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Chocolat

## Eksodus 31:1-11

*Die instruksies en reëlings oor Israel se godsdiensbeoefening in Eksodus laat mens besef hoe belangrik aanbidding vir God is. Dit is egter opvallend dat mense ook 'n kreatiewe rol daarin speel. God rus self vir Besaleël toe om met vaardigheid, insig en verstand te werk en allerlei ontwerpe te maak (v2-5).*
*As gelowiges roep die Here ons nie net om bewaarders van waardes te wees nie, maar om met ons unieke vaardighede in ons lewe en godsdiens 'n bydrae te lewer.*

*Wanneer Pere Henri in Chocolat met 'n vreemdeling oor haar sjokoladeskeppings praat, beaam hy dit. Hy sê dat goedheid nie gemeet moet word aan wat ons nie doen nie, aan wat ons onsself ontsê of aan wie ons uitsluit nie.*

*Lees die teks stadig deur.*
*Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Goedheid moet eerder lê in wat ons koester, wat ons skep en die mense vir wie ons insluit.*

*Wees skeppend – en laat jou lewe 'n lofsang wees. (Bybel 24/7)*